# KIDDIE JUNCTION GEE OM OOR JOU KIND SE GESONDHEID

Liewe Kiddie Junction ouer

Die winter is spoedig besig om nader te kruip en ons wil betyds alles in plek hê om u kind se welstand en gesondheid in die koue maande te verseker.



·Soos u reeds weet is dit baie belangrik om die skool in kennis te stel indien u kind nie die dag by die skool sal wees nie, as gevolg van u kind se gesondheid. Wanneer u kind gediagnoseer word met enige infeksie of siekte help die inligting ons ook om op die uitkyk te wees vir simptome by ander maatjies.

## Inënting:



Onthou asb om u kind se inëntings op datum te hou en deurgaans 'n opgedateerde afskrif van die inëntingskaart aan ons te stuur.


## Medisyne en siektes:

Indien u kind medikasie moet ontvang wat deur 'n dokter voorgeskryf is, moet daar asb 'n toestemmingsbrief saam gestuur word wat inligting soos die dosering insluit. Voorgeskrewe medikasie sal slegs 12:00 toegedien word. Dit is belangrik om kennis te neem daarvan dat indien u kind so siek is dat die dokter dit nodig ag om medikasie voor te skryf , die dokter ook 'n nota moet saam stuur skool toe om te bevestig dat u kind wel mag skool toe kom.



LW:
Geen medikasie wat oor die toonbank verkry is, sal sonder 'n voorskrif toegedien word nie.

Indien u kind by die skool siek word, sal die betrokke onderwyser u onmiddellik kontak om u kind te kom haal by die skool.



## In geval van koors:

Die betrokke onderwyser sal u eers kontak voordat enige medikasie toeggedien word. Die bestuur van Kiddie Junction het gevolglik besluit om slegs Panado of Calpol by die skool aan te hou. 'n Maksimum van 5ml sal aan u kind gegee word. Die rede hiervoor is dat ons slegs u kind veilig probeer hou totdat u by die skool opdaag. In die geval van ernstige simptome versoek ons vriendelik dat 'n dokter so spoedig moontlik besoek moet word.

Kinders wat die vorige dag/nag koors gehad het, moet asseblief nie skool toe gestuur word voordat die koors nie heeltemal verby is nie. Indien u kind weer by die skool koors ontwikkel sal u weereens onmiddellik gekontak word om hom/haar te kom haal,

Dit het ook onder ons aandag gekom dat daar ouers is wat hul kinders skool toe stuur ten spyte daarvan dat hy/sy die vorige dag/nag hoë koors gehad het. Hierdie kinders ontvang medikasie tuis en toon dan geen simptome as hulle by die skool aankom nie. Sodra die medikasie egter uitgewerk het, is die kind weer siek met infeksie of koors.



Alhoewel sulke kinders nie simptome wys nie is hulle steeds 'n gevaar vir ons ander maatjies, aangesien hulle nog steeds aansteeklik is. Buiten vir die aansteeklikheid, is so iets ook gevaarlik vir die kind self. In uiterse gevalle van koors kan kinders koorsstuipe kry.


Daarom versoek ons vriendelik dat indien u kind 'n koors van 38⁰C of hoër het, u kind slegs kan terugkom skool toe met 'n doktersbrief wat dit bevestig.

In geval van aansteeklike siektes verlang ons van u as ouer om u kind tuis te hou en te versorg. Stel asseblief ook dadelik die skool in kennis daarvan.

## ·Aansteeklike siektes sluit in:

| SIEKTE TOESTAND | TERUGKEER NA SKOOL |
|---|---|
| Mangelontsteking | Ten minste 48 uur |
| Hepatitis A | 7 dae na verskyning van geelsug |
| Kinkhoes | 3-7 weke na aanvang |
| Luisinfestasie | Na algehele reiniging verwydering van luise op die kop, liggaam en klere (nete en luise) |
| Masels | Gedurende die volle periode van siekwees uitslag |
| Breinvliesontsteking | By voorlegging van 'n geneeskundige sertifikaat |
| Pampoentjies | Vanaf aanvang van simptome totdat die swelling weg is |
| Longontsteking | Nadat toestand heeltemal opgeklaar is |
| Ooginfeksie- insluitend "Pink Eyes" | Nadat infeksie heeltemal opgeklaar is |
| Waterpokkies | Twee dae voordat uitslag verskyn totdat die laaste rofies verdwyn het. |
| Duitse masels (Rubella) | 1 week nadat die uitslag verskyn het (Stel die skool onmiddellik in kennis aangesien dit 'n groot gevaar is vir swanger mammas) |
| Brandsiekte "scabies" | 24uur na behoorlike en effektiewe behandeling |
| Maagkoors/Rotavirus/ Diarree met koors | By voorlegging van 'n geneeskundige en sertifikaat |
| Hand-voet-mond-virus | Nadat blasies opgedroog het. |
| Witseerkeel | By voorlegging van 'n geneeskundige sertifikaat |





Gesondheid oor 'n naweek en vakansies:

Ons vra ook vriendelik dat u ook streng sal wees oor 'n naweek en vakansies ten opsigte van u kind se gesondheid spesifiek ook in die geval van sosiale interaksies met familie en vriende. Veral gedurende die winter maande.

Elke Donderdag word ons skool deur die maatskappy "Sprinkel Spray" ontsmet. Hulle diens word gesertifiseer en die dokumentasie daarvan is by die skool beskikbaar.
Ons het 'n handewas-sisteem in plek. Alle speelgoed, klastoebehore en hulpbronne word deurgaans ontsmet.
Borde en eetgerei word ontsmet voor die hergebruik daarvan.

Die personeel was en saniteer ook gereeld hulle hande.
By die Junior Afdeling maak ons gebruik van bloekomolie in die lugbevogtigers ("humidifiers")
Oopkommunikasie bly vir ons belangrik. Van ons kant af sal ons u ook inlig oor siektes wat wel die rondte doen.

Ons by Kiddie Junction probeer daagliks ons bes en het prosedures in plek om seker te maak u kind bly veilig en gesond.

**Ons is egter afhanklik van u samewerking.**

Hiermee 'n warm en gesonde winter.

Vriendelike groete

**Kiddie Junction**

